# ’n Goddelike Opdrag om Israel te Seën en te Ondersteun

*Johan Malan, Mosselbaai (November 2015)*

Afsydigheid en selfs openlike haat teenoor Israel is wydverspreid in die wêreld. In politieke kringe (regerings en hulle beleidmakers) is negatiewe persepsies oor Israel se regte as volk en hulle belangrike rol in die wêreldgeskiedenis, besig om sterk na vore te tree en tot die onttrekking van steun aan die Joodse staat te lei. In godsdienstige kringe (nie-Christelike gelowe asook misleide Christelike kerke) is daar groot onkunde oor Israel se roeping deur God as ’n kanaal waardeur Hy sy Woord, sy verlossingsplan, sy Seun en ook sy koninkryk aan die hele mensdom openbaar. Weens hierdie onkunde en openlike antagonisme teenoor Israel tree geloofsgemeenskappe oneerbiedig teenoor God én sy uitverkore volk op en benadeel ook hulleself geestelik.

Aan die ander kant van die spektrum is daar egter onder evangeliese Christene ondersteuners van Israel wat dié volk se Bybelse mandaat oor hulle land erken en ernstig vir hulle geestelike herstel bid. Omdat die Messias, Jesus (Heb. Jeshua), reeds gekom het, behels Israel se nasionale geestelike ontwaking ’n toetrede tot ’n nuwe verbond met God in die Naam van sy Seun, wat ná sy menswording ook as die Seun van Dawid bekend was. ’n Jood wat vir Jesus as Verlosser en Messias aanneem, word ’n “Messiaanse Jood” genoem wat reeds die vrede van sondevergifnis in sy hart het; maar die eindtydse seëninge wat die Here aan Israel belowe het, sal eers realiseer nadat die hele oorblyfsel van Israel as volk gered is en ’n nuwe verbond met God gesluit het (Jer. 31:31-38). Daar sal nog baie spanning en stryd wees voor dit sal gebeur.

Dit is verblydend dat daar ’n toenemende aantal Jode is wat vir Jesus as Messias aanneem, hoewel hulle persentasie nog relatief klein is. Om begryplike redes word die Messiaanse Jode met groot haat en agterdog deur die ortodokse Jode bejeën. Soos in die eerste eeu, word hulle as ketters beskou wat van die God van hulle vaders afvallig geraak het. Namate die Messiaanse Jode in Israel al hoe meer word, bou die geestelike weerstand van die ortodoksgesindes teen hulle op. Dit voorspel ’n fase van ernstige vervolging vir die Messiaanse Jode wat gedurende die tyd van benoudheid vir Jakob (die komende verdrukking) gered sal word:

“En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom. Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in die sinagoges en gevangenisse. … Julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende, en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam” (Luk. 21:11-17). Die omstredenheid oor die Messiasskap van Jesus gaan dus weer hoog opvlam (vgl. Luk. 2:34; Hand. 13:38-50). Jesus het gewaarsku: “Ja, daar kom ’n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ’n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie” (Joh. 16:2-3).

Dit is ons taak om vir die jong Messiaanse gemeentes in Israel én ander lande te bid sodat hulle sterk sal staan in die Here. Die druk wat hulle ervaar, gaan weldra verder uitbrei. Misleide, nominaal Christelike kerke wat toenemend die rug op Bybelse waarhede draai, gaan uiteindelik met die nie-Christelike gelowe hande vat om ’n alliansie van wêreldgodsdienste te vorm wat ’n “ander Jesus”, die Antichris, as hulle gemeenskaplike “Messias” sal erken. In hierdie ekumeniese bondgenootskap sal ook ortodokse Jode wees wat die valse Messias sal aanhang en die reg by hom sal verkry om die tempel te herbou (vgl. Joh. 5:43). Die meerderheid aanhangers van die universele messias van alle gelowe (Op. 13:3-4) sal hoogs vyandig wees teenoor die volgelinge van die ware Messias en hulle vervolg.

## Israel en die nasies

Daar is wyd uiteenlopende houdings deur die nasies teenoor Israel. Dit is ’n belangrike saak, omdat die oordele van die Here oor Israel se vyande uitgespreek is, en sy seën oor diegene wat hulle ondersteun. Ten spyte van die geestelike doodsheid van die meerderheid in die Joodse volk, is daar geen regverdiging hoegenaamd om ’n haatveldtog teen hulle te voer nie. Trouens, dit is naas die verwerping van God een van die mees oneerbare en nadelige dinge om te doen omdat dit die toorn van God opwek (Gen. 12:3; Sag. 8:2). Groot wêreldryke is al vernietig omdat

hulle Israel probeer uitwis het. Hieronder is die eens magtige Babiloniese, Assiriese en Romeinse ryke wat almal geswore vyande van Israel was.

ŉ Groot toets vir die nasies se houding teenoor Israel is die huidige stryd oor Israel se grondgebied en die beheer oor Jerusalem. Diegene wat die stad en die hele land tussen Israel en die Palestyne wil verdeel, is lynreg in stryd met Israel se Bybelse reg oor hulle land en hoofstad (vgl. Joël 3:2). Sagaria 14 beskryf in duidelike taal die oordele van God wat oor die nasies sal kom wat dwaas genoeg sal wees om teen Jerusalem te veg. Jodehaat is die ideologie van die Antichris omdat dit ten diepste teen die Messias van Israel, Jesus Christus, gerig is. Dit moet geheel en al deur alle Christene verwerp en teëgestaan word!

## Vervangingsteologie

Daar is ook ander maniere waarop Israel sy identiteit en posisie ontsê word, en sodoende beroof word van die beloftes van herstel na die land wat die Here aan hulle vaders gegee het. Dit word binne die raamwerk van die vervangingsteologie gedoen en lei daartoe dat Israel deur die kerk vervang word. Beloftes aan Israel word vergeestelik en op die kerk van toepassing gemaak, en as gevolg daarvan word heftig ontken dat daar ŉ letterlike volk Israel is wat in die eindtyd in hulle land herstel sal word. Dit kom neer op ŉ miskenning van die ware Israel se identiteit en roeping en is ŉ teologiese vorm van anti-Israelisme of Jodehaat.




Dit is vir elke Christen noodsaaklik om die volle omvang van die gevare van die vervangingsteologie te begryp, omdat dit nie slegs tot onbybelse sienings oor die volk Israel lei nie, maar ook tot dwalings lei oor die roeping, samestelling en profetiese toekoms van die kerk. Joel Richardson het ŉ baie goeie boek hieroor geskryf, wat pas ook in Afrikaans vertaal is en deur FaithEquip in Kaapstad gepubliseer is. Die titel van die boek is: *Wanneer ŉ Jood die wêreld regeer,* verwysend na die tyd wanneer Israel fisies én geestelik ten volle herstel sal wees in hulle land onder die leiding van die Messias, Jesus Christus, wat van die troon van Dawid af uit Jerusalem oor die wêreld sal regeer. Vir meer inligting oor hierdie baie belangrike en rigtinggewende boek, besoek die uitgewer se webwerf: http://www.faithequip.co.za/products/product.php?product_id=346

Kerke wat hulleself in die plek van Israel stel, en as die "geestelike Israel" of die "Israel van die Nuwe Testament" sien, raak maklik by die dwalings van die koninkryksteologie betrokke. Hulle neem al die beloftes van seën wat vir die komende vrederyk (die koninkryksdispensasie) aan Israel beloof is, en pas dit in die huidige dispensasie op die kerk toe. Na aanleiding daarvan moet die kerk ŉ regerende posisie inneem en Christene daarna streef om soos konings te leef wat met mag, rykdom en aansien beklee is. Met hierdie spesiale magte moet tekens en wonders gedoen, herlewingsbewegings op tou gesit, sataniese vestings neergewerp en die wêreld vir die koninkryk van God oorgeneem word. Volgens dié benadering sal die oorname en regering van die wêreld nie eers tydens die wederkoms van Jesus plaasvind nie, maar moet nóú al deur ŉ koninkryksbewuste kerk gedoen word. Die foutiewe aanname word gemaak dat die kerk getaak én bemagtig is om die wêreld oor te neem en te regeer.

Op hierdie manier verwerp die misleide kerk die idee dat hulle vreemdelinge en bywoners is in ŉ wêreld wat in die mag van die Bose lê, en waarin hulle bereid moet wees om vir Christus te ly en deur vele verdrukkinge in die koninkryk in te gaan (Hand. 14:22; 1 Pet. 2:11; 1 Joh. 5:19). In die plek hiervan jaag hulle ŉ sigbare koninkryk na en sien hulleself as "Israel". Dié misleiding is demoniesgeïnspireer en daarop gerig om Israel se belangrike rol in die wêreldgeskiedenis te ontken en hulle ook uit te skryf uit die "nuwe wêreld" wat humaniste in die vooruitsig stel.

## Israelvisie

Een van die mees ekstreme vorms van die vervangingsteologie wat daar is, word deur die Israelvisie beoefen. Dit word ook Brits-Israelisme of Wit Teologie genoem. Die aanhangers hiervan beweer dat al die blanke nasies van die sogenaamde "tien verlore stamme van Israel" afstam, en nou die enigste verteenwoordigers van die ware Israel van God is. Volgens hulle het die twee oorblywende stamme van Juda en Benjamin met die Edomiete en ander heidennasies


vermeng geraak en speel as “verbasterde Jode” en “samesweerders teen die mensdom” ŉ baie ondermynende en antichristelike rol in die wêreld.

Hierdie beweging het nie net ŉ misplaaste identiteit as “Israeliete” nie, maar is ook die slagoffers van ŉ selfopgelegde vorm van Jodehaat omdat hulle die werklike Israeliete van die twaalf stamme van Israel (die hedendaagse Jode) as vyande van die Christendom beskou. Vir meer inligting oor die gevare en onbybelse aannames van hierdie beweging, sien: http://www.bibleguidance.co.za/Librarylists/Afrikaanseartikelslys%20Israelvisie.htm

Ons moet ŉ baie duidelike begrip van die kerk én Israel hê as ons die verhouding tussen hierdie twee groepe reg wil verstaan, asook hulle profetiese toekoms. Israel het nie iewers langs die pad verdwyn en ŉ herverskyning as die Nuwe-Testamentiese Kerk gemaak nie. Dit is duidelik dat dieselfde volk wat deur die Here verstrooi is, in die laaste dae weer deur Hom in die land van hulle vaders herstel word (Jer. 31:10; vgl. Jes. 11:12). Die Here bevestig ook die feit dat dié volk verenig sal word en nooit weer in twee volke verdeel sal wees nie. Hierdie volk was net tydelik in twee volke verdeel, naamlik die tweestammeryk van Juda met Jerusalem as hoofstad, en die tienstammeryk van Israel in Samaria. Die Here gee die versekering dat die herstelde Israel al twaalf die stamme sal verteenwoordig: “Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; … en hulle sal nie meer twee nasies wees nie” (Eseg. 37:21-22).

Nie die kerk of enige groep of volk op aarde mag Bybelse Israel se identiteit van hulle wegneem en dit op hulleself toepas nie, want dit kom op ŉ vorm van verwerping van die ware Israel neer. Mense wat dít doen, ontneem hulleself van die belangrikste teken van die eindtyd, naamlik die herstel van Israel en hulle stad, Jerusalem. Die Kerk moet ook ŉ ondersteunende rol in Israel se herstel speel.

### Ons plig teenoor Israel




Ons moet Israel nie net as ŉ volk erken met wie die Here ŉ verbond gesluit het nie, maar hulle aktief ondersteun. As ons die seën van die Here oor onsself wil verseker, moet ons Israel seën. Moenie haastig wees om die Jode te verdoem omdat hulle Jesus verwerp en gekruisig het nie.

Dit was wél ’n daad van ongeloof aan hulle kant, maar dit was deel van God se raadsplan vir die redding van sondaars in die hele wêreld. Sonder die plaasvervangende dood van Jesus sou jy en ek nooit Christene kon word nie, daarom hou Israel se struikeling en wandade tóg vir ons ’n groot seën in:

“Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!” (Rom. 11:11-12).

Israel is in hulle gevalle toestand ’n bron van seën vir ons, en die Here sê dat hulle in hul geestelik herstelde toestand nog ’n groter seën vir die wêreld sal wees. Uit enige oogpunt beskou, is ons nét erkentlikheid, seën, voorbidding en onderskraging aan Israel verskuldig. Ons moet hulle jaloers maak op die wyse waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias, Jesus, dien. Ons moet bid vir die vrede van Jerusalem as ons ook in ons eie land in vrede wil leef (Ps. 122:6).

Die rede waarom alle gelowiges ernstig vir Jerusalem moet intree, is omdat die stad histories én profeties ten nouste met Israel en die Christendom verbonde is. Christus het Homself hier as die Messias geopenbaar, aan die kruis gesterf om versoening vir ons sonde te doen, op die derde dag uit die dood opgestaan en 40 dae later na die hemel opgevaar. Tien dae ná sy hemelvaart is die Heilige Gees oor 120 getroue, biddende dissipels in Jerusalem uitgestort. Dit was die geboortedag van die Christelike kerk, en die dissipels het die opdrag gekry om die boodskap van verlossing te verkondig van Jerusalem af tot aan die eindes van die aarde (Hand. 1:8). Gedurende hierdie tyd sou Israel verstrooi en Jerusalem vertrap word, net om daarna in groter heerlikheid as voorheen herstel te word.

Dit is spesifiek na Jerusalem, op die Olyfberg, dat die Messias aan die einde van die groot verdrukking sal terugkeer om die ongelowige nasies te oordeel, die gelowige oorblyfsel van Israel en die nasies te red, en sy koninkryk op aarde te vestig. In antwoord op die gebede van die heiliges, en in ooreenstemming met sy heilige wil, sal die Messias Jerusalem tot die status van wêreldhoofstad verhef – die stad van die groot Koning! (Ps. 48:3). Dan sal die Here Jesus, die seun van Dawid, die wêreld in die vrederyk van die herstelde troon van Dawid af regeer (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Bid jy hiervoor en beywer jy jouself vir die aanbreek van hierdie heerlike dag (Jes. 62:6-7; kyk ook Jes. 52:1-2)? Onthou dat net die Messias die vrede van Israel en Jerusalem is, en dat ons moet bid dat Israel met Hom versoen sal word.

Israel is die teiken vir ’n goed georganiseerde en hoogs venynige veldtog van Jodehaat. Verbete pogings word aangewend om hierdie volk se belange op alle lewensterreine te ondermyn, hulle ’n slegte naam te gee en sodoende die swart skaap van die internasionale gemeenskap te maak. Agter hierdie veldtog is Satan. Hy weet dat die herstel van Israel in die laaste geslag voor die koms van die Messias gaan plaasvind, en doen alles in sy vermoë om hulle terugkeer na die Beloofde Land te voorkom, hulle as volk te vernietig en hulle land aan hulle vyande oor te lewer.

Satan bemoei homself veral met die beheer oor Jerusalem, omdat hy weet dat dit bestem is om die hoofstad van die Messiasryk te wees nadat die Antichris se wêreldryk vernietig is. Groot druk word toegepas om dié stad van die Jode af te vervreem en dit óf te internasionaliseer óf aan die Palestynse Owerheid as hulle hoofstad te gee. In die besonder wil die duiwel nie hê dat Israel beheer oor die Tempelberg en die Olyfberg moet behou nie, omdat dit die terrein is waarheen die Messias gaan terugkeer en Israel met Hom versoen sal word (Sag. 14:4).

Die Here neem beslis nie genoeë daarmee dat Israel so ontsettend misken en aangeval word nie, al is die groot meerderheid van hulle geestelik dood. Dit is sy doel en plan dat hulle onderskraag en vir Hom teruggewen moet word. Om hierdie rede gee Hy duidelike riglyne en opdragte in die Bybel oor hoedanig Christene se verhouding teenoor Israel moet wees.

In Openbaring 1:13 word Christelike gemeentes met kandelaars vergelyk. Die kandelaar, wat in Israel ’n *menora* genoem word, is een van die tempelvoorwerpe. Dit moes gereeld met olie opgevul en brandend gehou word. Net so moet die gemeente van Christus ’n Geesvervulde lewe lei en die lig van hulle getuienis in ’n donker wêreld laat skyn. In ’n besondere opsig moet die

Kerk se getuienis ook Israel se moeilike pad in ’n bose wêreld verlig. Die sewe sleutelbegrippe wat die Bybel in verband met ons verhouding teenoor Israel noem, is almal opdragte. Wanneer dit uitgevoer word, bring dit seën vir die gewer én die ontvanger mee. Die doel daarmee is dat die Here sy afvallige verbondsvolk weer na Hom wil terugbring sodat Hy hulle fisies én geestelik kan herstel.

### 1. Seën hulle

Reg aan die begin, toe die Here vir Abraham geroep het, het Hy gesê: “Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (Gen. 12:3). Om iemand te seën beteken om God se guns oor hom af te smeek en ook dienooreenkomstig op te tree. Enige daad van die seën van Israel is ’n praktiese demonstrasie van die uitvoering van die Here se wil, en sal daartoe lei dat Hy jou ook sal seën.

Om iemand te vervloek beteken om hom te verdoem en die wens uit te spreek dat rampe en ongelukke hom sal tref – ook bonatuurlike vloeke. Iemand wat dit ten opsigte van Israel doen, grawe ’n put waarin hy self sal val. Wil jy die seën van die Here in jou lewe geniet? Dien Hom dan met jou hele hart en seën sy volk Israel!

### 2. Troos hulle

“Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is” (Jes. 40:1-2).

Israel moet vertroos en bemoedig word, en ervaar dat hulle vriende het wat te midde van al die aanvegtinge en vyandigheid by hulle staan. Ook moet hulle weet dat hulle na die Here kan terugkeer, want Hy is vergewensgesind en groot van goedertierenheid. Hierdie volk moet egter besef dat hulle nie net die onskuldige slagoffers van hulle baie vyande is nie, maar dat hulle ook weens hulle eie geestelike afvalligheid die seën van Here verbeur. Israel kan nie werklik getroos word sonder om hulle na die groot Trooster terug te lei nie, want Hy alleen is in staat om permanent al die trane van hulle oë af te vee (Jes. 25:8).

### 3. Versorg hulle

Om Israel op ’n betekenisvolle wyse te seën en te vertroos, moet positiewe woorde en houdings deur praktiese programme van hulpbetoon opgevolg word. Die logistiek hiervan kan verskeie vorms aanneem:

- Maak vanuit die Bybel én die praktyk inligting bekend oor Israel, en maak praktiese voorstelle oor hulpverlening.
- Gee diplomatieke ondersteuning aan Israel en help om hulle gebiedsintegriteit te beskerm deur nie op die verdeling van hulle land en hoofstad aan te dring nie.
- Weerlê die bose ideologie van Jodehaat, en wys veral uit ’n Bybelse oogpunt daarop dat die verwerping van Israel ook op die verwerping van die God van Israel neerkom, wat aan sy verbondsvolk sekere duidelike regte gegee het.
- Spreek die geestelike behoeftes van Israel op ’n sensitiewe maar oortuigende wyse aan deur hulle daarop te wys dat talle Ou Testamentiese profesieë tydens die eerste koms van Jesus as Messias vervul is.
- Verleen finansiële en materiële steun waar nodig, veral met die vervoer en hervestiging van Joodse immigrante. Ondersteun ook arm Messiaanse gemeentes in Israel.

Paulus het benewens die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan mede-Jode, ook praktiese hulpprogramme vir hulle georganiseer: “Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Macedónië en Acháje het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. Hulle het dit goedgevind, sê ek, en hulle is ook hul skuldenaars; want as die heidene [die nie-Joodse nasies] deel gekry het aan hulle [die Jode se] geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig om hulle met stoflike goedere te dien” (Rom. 15:25-27).

Reik jy ook ’n helpende hand uit na ’n volk in sy nood? Duisende Jode kom feitlik net met die klere aan hulle lyf uit arm lande in Israel aan. Onthou egter dat net humanitêre hulp alleen

sonder om geestelik na “die verlore skape van die huis van Israel” uit te reik, eensydig is en net ŉ klein deel van hulle probleem aanspreek.

### 4. Bid vir hulle

Die kern van enige hulpprogram vir Israel is gebedsondersteuning: “Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!” (Ps. 122:6). Almal van ons moet die beloftes oor die toekomstige heerlikheid van Jerusalem ter harte neem en dienooreenkomstig bid, omdat dit direk in verband staan met die openbaring van God se koninkryk van geregtigheid en vrede op aarde. Israel én die nasies sal grootliks daarby baat: “o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot ŉ lof op aarde!” (Jes. 62:6-7).

Daar moet dus nie net vir Jerusalem en Israel se huidige behoeftes voorbidding gedoen word nie, maar spesifiek ook vir die volle herstel van hierdie land en sy mense. Dít sal gebeur wanneer die Messias deur die hele volk aanvaar is, want Hy is die Heilige van Israel en die enigste Verlosser van sy volk. Voordat Israel met Hom versoen is, sal hulle nie langdurige vrede hê nie omdat hulle steeds in stryd is met God se doel vir hulle as ŉ Messiaanse volk, en gevolglik op die groot verdrukking afstuur. Slegs ŉ verloste Israel onder die heerskappy van hulle Messias-Koning sal ware vrede hê.

### 5. Gee volle erkenning aan hulle

Moet nooit Israel se bestaansreg in twyfel trek nie, maar gee erkenning aan hulle as die volk deur wie die Woord van God tot die hele wêreld gekom het: “Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is. Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie!” (Rom. 3:1-4).

Daar was nog altyd ŉ gelowige oorblyfsel in Israel met wie gelowiges geestelik kon identifiseer terwyl hulle steeds met die evangelie na die ongeredde meerderheid uitreik. Moet nooit Israel se rol as fasiliteerders vergeet, deur wie die ware geloof aan die wêreld bekend gestel is nie. Selfs al was die meerderheid van hulle aan die Messias ontrou, is dit nog steeds as gevolg van die gelowige minderheid se getuienis dat ons ook huisgenote van die geloof kon word. Ons het nooit rede tot roem in onsself nie:

“Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ŉ wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou” (Rom. 11:15-18).

### 6. Wek hulle op en maak hulle jaloers

Ons moet Israel geestelik opwek deur hulle jaloers te maak! Ons moet die God van Abraham, Isak en Jakob op só ŉ oortuigende en inspirerende wyse deur die Messias, Jesus Christus dien, dat ons die Jode jaloers maak: “Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak” (Rom. 11:11). Het jy al vir Jesus as die vervulling van al die wonderlike Messiaanse profesieë in die Ou Testament aan ŉ Jood verduidelik, en jou ook van die sogenaamde “Christene” gedistansieer wat vyandig en antagonisties teenoor Israel optree en hulle sodoende verder van Christus vervreem?

### 7. Getuig van die Messias

Dit is tragies dat baie Christene nie die vrymoedigheid het om die evangelie van die reddende genade van Jesus, die Messias, aan die Jode te verkondig nie, want hulle wil nie aanstoot gee nie. Paulus het egter gesê: “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ŉ krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek” (Rom. 1:16).

Met die regte gesindheid van liefde en meegevoel, en ook met die regte benadering vanuit die Ou na die Nuwe Testament, kán daar met vrug onder Jode gearbei word. Dit het in die eerste eeu gebeur, en waarom kan dit nie weer gebeur nie? Dit kan, mits die Woord weer eens met groot vrymoedigheid in Jerusalem verkondig word: "En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van die priesters het gehoorsaam geword aan die geloof" (Hand. 6:7). Hoe sal hulle tot geloof kom as niemand teenoor hulle van die Messias getuig nie?

### Steun die Messiaanse beweging

Die Bybel plaas 'n groot verantwoordelikheid op Christelike kerke oral om by Joodse evangelisasie betrokke te wees (Rom. 11:11-12). Israel se geestelike val as gevolg van die verwerping van die Messias was nie permanent nie. Hulle verblinding het meegewerk om 'n wonderlike doel te bereik, naamlik die evangelisering van die ganse nie-Joodse wêreld. Hulle val is dus ons geestelike rykdom, en juis daarom is ons ook hulle skuldenaars. Ons moet dankbaarheid teenoor Israel betoon omdat die saligheid wat in die eerste plek vir hulle bedoel was, aan ons gebied is nadat hulle as volk negatief daarop gereageer het. Ons is geestelik verryk daardeur en moet nou meegevoel aan Israel betoon. Hulle moet in ons lewens kan sien wat hulle verloor het.

Ons moet nie die fout maak om Joodse evangelisasie af te skryf omdat die Here na bewering vir Israel 'n gees van blindheid en diepe slaap gegee het nie. Die Here verhard net mense se harte wat hulleself vooraf reeds verhard het, en sal ook slegs 'n sluier op mense plaas wat self weens hulle negatiewe houding nie wil sien nie. Alle mense is ten diepste vir hulle eie probleme en ellende verantwoordelik. Die sluier oor Israel is deur die Messias weggeneem (2 Kor. 3:14-16; Hand. 17:30), daarom kan alle Jode hulleself tot Hom bekeer.

Daar is dus geen hindernis in die weg van Joodse evangelisasie nie omdat die Heilige Gees alle mense van hulle sonde oortuig, en ook van die liefde en geregtigheid van Christus (Joh. 16:8). Petrus en verskeie ander apostels is afgesonder om veral onder die Jode die evangelie te verkondig, en werk van hierdie aard is dwarsdeur die kerkgeskiedenis onder hulle gedoen.

Joodse evangelisasie is nogtans 'n baie groot taak, want geweldige vooroordele moet oorkom word voordat 'n Jood vir Jesus as Messias sal aanneem. Vir 'n Jood is daar eerstens die interne struikelblok van afkeur en verwerping deur sy ortodokse volksgenote, indien hy vir Jeshua as Messias aanvaar. Tweedens is daar die eksterne struikelblok van 'n oorwegend anti-Joodse wêreld wat oorkom moet word. Jode word dikwels van kleins af opgevoed om Christene as hulle kritici en vyande te sien, en dit is nie maklik om hierdie muur van weerstand af te breek nie.

Dit is die taak van Messiaanse Jode én evangeliese Christene om hierdie diepgewortelde vooroordele verkeerd te bewys en die liefde van die Messias aan ortodokse én ongelowige Jode te bewys. Hoe meer Israel in isolasie kom en internasionaal verwerp word, hoe meer sal daar by hulle dankbaarheid en ontvanklikheid vir die bystand en hulp van evangeliese Christene en Messiaanse Jode wees. Die toestand is klaar besig om effens te verbeter.

Dit moet duidelik gestel word dat ons eerste verpligting in die breë opdrag van ondersteuning aan Israel, teenoor die Messiaanse Jode is. Paulus sê: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof" (Gal. 6:10). Ons moet hierdie beweging sterk ondersteun en help uitbou. Israel se hele toekoms is van hulle afhanklik, want die Here wil die hele volk voorberei en op die punt bring waar hulle waarlik weer sý volk sal wees. Dié wat weier om geestelik te herleef en Messiaans te word, sal in hulle sonde sterf, maar die oorblyfsel wat met die Messias versoen word, verteenwoordig die klein begin van die ware Israel van die toekoms.

Daar moet altyd onthou word dat die geestelike lewendmaking van die hele volk die Here se uiteindelike doel met Israel se herstel in die land is. Ons moenie nou té begaan wees om politieke en ekonomiese stabiliteit in Israel te bevorder, of vrede in die Midde-Ooste te skep nie, want dit gaan eers gebeur nadat die Messias gekom het. Ons kan help waar die nood groot is, maar ons hoofdoel is om die Messiaanse beweging te help uitbou, met die einddoel van die volkome geestelike herstel van Israel.

Dit is duidelik dat die groot meerderheid Israeli's nog in geestelike duisternis verkeer. Daar was wél 'n klein begin in die Messiaanse beweging wat sedert die aanvang van die kerkbedeling bestaan het, maar die groot deurbraak moet nog plaasvind. Noudat Israel fisies en staatkundig in hulle land herstel is, raak dit al hoe belangriker dat die Messiaanse beweging onder hulle versterk moet word. Hierdie taak moet met groter ywer verrig word, want baie meer Jode moet van die Here Jesus se Bybelse aansprake as Messias van Israel kennis neem, én ook oor die koms van die valse messias ingelig word. Hulle moet daaraan herinner word dat Jesus na analogie van tradisionele Joodse gebruike sy aardse bruid in die geheim sal kom haal (Matt. 25:1-13). Hierdie gebeurtenis sal Jesus se aanspraak as Messias bevestig.

Kennis van hierdie aard is van kardinale belang om die toekomstige groep van 144 000 Jode voor te berei om kort ná die wegraping die valse messias te weerstaan en die ware Messias as Verlosser aan te neem. Hulle sal die plek inneem van die Messiaanse Jode wat saam met die kerk weggeneem is, en dan deur hulle dinamiese getuienis die Messiaanse beweging in Israel sterk laat toeneem. Saam met hulle sal daar volgens Openbaring 11:1-14 nog twee spesiale getuies met groot magte optree as wegbereiders vir die ware Messias se wederkoms. Onder hulle prediking sal baie Jode én nie-Jode gered word.

Die misleiding van die valse messias sal egter só sterk en oortuigend wees, dat die meerderheid ongeredde Jode met hom 'n verbond sal sluit en hom navolg (Joh. 5:43). Die misleide, ongeredde Jode sal eers in die middel van die verdrukking die ontnugterende ontdekking maak dat hulle nuutgevonde "messias" vals is wanneer hy homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar (2 Thess. 2:4). Dan sal hulle hul verbond met hom verbreek en volgens Mattheus 24:15-22 baie vinnig vir oorlewing na 'n plek in die woestyn vlug. Eers dan sal hulle geestelike perspektief begin regkom en sal hulle volgens Hosea 6:1-2 ernstig na die ware Messias soek. Hulle sal besef dat al Israel se ellende van die afgelope tweeduisend jaar aan die verwerping van hulle Messias uit die geslag van Dawid te wyte is.

Wanneer die oorblyfsel van die volk aan die einde van die verdrukking die ware Messias op die Olyfberg sien neerdaal, sal almal van hulle Hom aanneem en volkome met Hom versoen word (Matt. 23:39). Hulle sal volgens Sagaria 12:10 aan sy voete ween en hulle grondig tot Hom bekeer. Eers dán sal die Messiaanse beweging sy volle en heerlike einddoel bereik.

Wil jy meewerk om hierdie hoogs eerbare doel te bereik? Word dan 'n ondersteuner van die Messiaanse beweging in Israel én reg oor die wêreld. Aan die einde van hierdie wonderlike pad sal die Here van Israel sê: "En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtighede vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie" (Jer. 31:34).